11

JAARGANG 23 | 8 AUGUSTUS 2025

# VRY POS

KONINKRYKSTYD

*Vrouemaand*

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio
Andries Gous | Stéphan van der Watt
Melissa Jacobs | Elrika Senekal-van der Berg
Johannes Rossouw | John Klaasen
Magdaleen du Toit | *Kerkbode* | *Bybel-Media*
*CLF* | *Engo* | *Bybelgenootskap SA*
*VBO-Prospektus*

## KONINKRYKSTYD

In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die seilboot 'n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur. Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in dié tyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as 'n aardbol (ekologie) en 'n boom (groei).

*Oorgeneem uit 2020 Dink Jeug*

## DAGBOEK DÍT

**Gerontologie Netwerk**
*GRATIS* - ***Gemeente, bedien en benut jou seniors!***
27 Augustus | NG Gemeente Heuwelsig

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 22 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerk-wees: Eertydse sinode-voorsitter, dr Pieter van Jaarsveld, vertel ...*

## ARTIKELS 06

06 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Mariëtte Odendaal** | *RICD: "Ons gooi toue uit om te help."*

08 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Enrico Casaleggio** | *Die hiërargie in die hemel volgens Islam*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

11 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Stéphan van der Watt** | *Missie Japan: Gesoek! Nog sendelinge vir Japan*

13 | ALGEMEEN
**Melissa Jacobs** | *"Wie sou kon raai dat speel nie net vir kinders is nie?"*

15 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Vrouedag: 'n Huldeblyk aan die vrouestem in die NG Kerk en samelewing – van die Vrouemonument tot die kansel*

17 | ALGEMEEN
**Elrika Senekal-van der Berg** | *Ode aan my ma's*

18 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Welkom in ons midde, Juan*

## DIS 'N RING-DING 19

**SENTRALE RING** | *Kenmekaar leraars-"retreat"*

## UIT DIE FAKULTEIT 20

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**John Klaasen** | *Hoop vir almal!*

## MEDIATEEK 22

**CLF boek - Malan Nel** | *Lewedraende Kanale. Gemeentestrukturering*

## VERJAARSDAE 23

## EKOLOGIE 24

**Internasionale Jeugdag** | *Neem aksie tot volhoubare ontwikkelingsdoelwitte*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 25

25 | CLF-pamflette
26 | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 31

## KERKBODE BROKKIES 32

## WAT'S NUUS? 34
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 35

**Magdaleen du Toit** | *Die gees van die ouma*

## KONTAK ONS 36



# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Eertydse sinode-voorsitter, dr Pieter van Jaarsveld, vertel ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

*"Vriende, ons moet besef dat die profiel van die kerk besig is om te verander. Dit beteken dat ons nuut moet dink.*
*Ons moet altyd onthou: Jesus het sy lig aan ons toevertrou – daardie lig is die lig wat ons moet laat skyn ..."*

***Dr Pieter van Jaarsveld***

Vanjaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaat Sinode; 'n besondere voorreg omdat dit vir ons as Christene al vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander lewenskrisisse en sosiale kwessies help dra het.

Om werklik Kerk te wees en leiding oor geslagte heen aan duisende kerkleiers en gemeentelede te kon help gee, was dit nodig om ervare mense met diep insig en wysheid aan die stuur van ons sinode te hê.

Ons het met vyf van ons vorige sinode-voorsitters wat nog leef, gaan gesels om te hoor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het.

Ons eerste gesprek was met **prof Pieter Potgieter**, sinode-voorsitter van 1987 en 1995, asook van die Algemene Sinode van 1994. Ons tweede gesprek was met **prof Piet Strauss**, voorsitter van die Vrystaat Sinode in 1999 en 2005, asook die voorsitter van die Algemene Sinode in 2007. Ons derde gesprek was met **dr Lourens Erasmus** wat die voorsitter van die Vrystaat Sinode en moderamen was vanaf 2003 tot 2005.

Ons vierde gesprek is met dr Pieter van Jaarsveld wat as voorsitter van die moderamen van die NG Kerk Vrystaat gedurende drie termyne gedien het, naamlik van 2008 tot 2009, daarna van 2009 tot 2013 en toe weer vanaf 2017 tot 2022.

**Lees** meer »

NG Kerk
Vrystaat

# 160

JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS



## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

*“My **Gees** in julle, en in julle, **lewe**; en in julle land, **rus.**”*



NG Kerk Vrystaat



1865 sedert





13 MEI 2025

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

3 VBO-punte
VBO
TAAKSPAN

bied **GRATIS** aan

# Gemeente, **bedien en benut** jou **seniors**!

Die noodsaak en praktyk van 'n **seniorbediening** in die kerk vandag



Prof Kobus Schoeman

**27** | **Augustus** 2025 | **09:00 - 12:30** | **3 x VBO**



Dr Petrus Moolman

## NG Gemeente Heuwelsig

Gilles van de Wall Straat 17, Dan Pienaar,
Bloemfontein, 9301

**Skakel aanlyn in by** tinyurl.com/5yb8xwse

**WhatsApp "JA"**
om te **RSVP** voor **20 AUG**

**082 783 0730**

***Foto:** Elbie Conradie, Ontwikkelingsbeampte: RICD (verskaf)*



**VENNOTE IN GETUIENIS**
RICD
*Mariëtte Odendaal*

# RICD
## *"Ons gooi toue uit om te help."*

*Eerstens is dit van belang om te weet dat ons nie die projekte inisieer nie; dit kom uit die gemeenskappe self. Ons rol is om bestaande projekte by bogenoemde kerke te ondersteun, die projekleiers te mentor en ook om die prosesse van die projekte te fasiliteer.*

***Elbie Conradie***
***Ontwikkelingsbeampte: RICD***

Nie een van ons sal ooit daardie mens vergeet wat 'n tou na jou toe uitgegooi het toe jy gevoel het die lewensgolwe verswelg jou nie.

Net so ken ons die plekke in ons gemeenskappe waar daar nood is en waarheen ons 'n tou kan uitgooi om te help.

Vennote in Getuienis, een van die NG Kerk Vrystaat se vyf bedieninge, se *Reformed Initiative for Community Development* (RICD) het juis dit ten doel – om lewensvatbare samewerkingsprojekte van NG Kerk-, VGK- en NGK in Afrika-gemeentes te ondersteun.

Aan die stuur van RICD staan Elbie Conradie wat sedert 2022 daarby betrokke is en met wie ons oor hierdie opwindende inisiatief gaan gesels het.

Elbie, waar het jy grootgeword, skoolgegaan, jou opleiding ontvang en gewerk voordat jy by die NG Kerk Vrystaat betrokke geraak het?

"Ek het in Smithfield in die Suid-Vrystaat grootgeword as een van drie kinders waar ek tot Standerd 8 skoolgegaan het. My laaste twee skooljare het ek aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein voltooi.

"Ek het eers laat in my dertigerjare as maatskaplike werker deur UNISA begin studeer. My eerste werk was by die Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) in Bloemfontein met Batho as die werksarea wat aan my toegewys is. Daarna het ek in Zastron gewerk en daarna is ek na die Jimmie Roos Skool vir gedrags-moeilike kinders.

"Tans werk ek steeds op kontrak by Jimmie Roos en lei studente in maatskaplike hulpwerk, asook jeugwerkers op."

**Lees** meer »




## Stop. Haal diep asem. Luister. | 'n Stil-retraite in Philippolis

Hier is 'n kans vir predikante om vir 'n oomblik al die geraas en gejaag te ontsnap in die stilte van Philippolis – die oudste nedersetting in die Vrystaat.

- Van 21–25 September 2025, kom vir enige twee nagte se slaap (Jy kan al 5 nagte ook kom!) Hier in Philippolis skep ons vir jou 'n ruimte om stil te word en weer in kontak te kom met jouself, die natuur en God.

- Nog meer: Die eerste 10 predikante (daar is nog plek, maar maak gou!) kry twee nagte se gratis verblyf. En jy kwalifiseer vir VBO-punte!

Elke dag word ingerig rondom 3 ritmes van stilte (8vm, 12nm, 6nm) in die baie spesiale, historiese NG Kerk kerkgebou.

Die tussen-in tye, kan jy inrig soos jy wil:

- Stap deur die pragtige straatjies wat jou herinner aan 'n wêreld lank gelede
- Verken die staproetes in en om Philippolis
- Besoek die Lourens van der Post-gedenktuin en stap die labyrint
- Besoek die baie spesiale Jobhuis (kunsgallery)
- Drink die stilte in in een van die koffiewinkels en wees net

Ons sien uit om jou hier te ontvang!

Philippolis | **21–25 September 2025**
**WhatsApp:** 072 115 0057 | **E-pos:** louwrens@integernetwork.com

# ISLAM

## Die hiërargie in die hemel volgens Islam

Islamitiese teologie beskryf 'n vorm van hiërargie in die hemel – daar word dikwels daarna verwys as die sewe vlakke van *Jannah* (Paradys). Hierdie vlakke weerspieël die geestelike rang en dade van individue, met hoër vlakke wat gereserveer is vir diegene wat groter geloof, vroomheid en goeie werke getoon het.

**Die algemene Islamitiese siening, wat gedeel word deur Sunni's en Sjiete, kom op die volgende neer:**

***Daar is sewe Hemele:*** Die Koran en Hadith-literatuur noem sewe hemele, elk met 'n toenemende nabyheid aan God en groter belonings.
***Goeie dade is bepalend:*** Toegang tot en rang wat 'n persoon in Jannah sal hê, word beïnvloed deur 'n mens se geloof, opregtheid en dade. Wat veral deurslaggewend vir 'n mens se stand in die paradys sal wees, is gebed, liefdadigheid, vas en morele gedrag.
***Martelare en profete:*** Diegene wat in diens aan God sterf of buitengewoon regverdige lewens lei, word dikwels beskryf as diegene wat die hoogste vlakke bereik.
***Illiyyun:*** Sommige geleerdes is van mening dat daar 'n ryk of 'n vlak sal wees, genaamd *Illiyyun*, 'n plek vir die mees regverdige gelowiges.

---

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel raak spesifiek Moslems se siening van die hemel (paradys) en die hiërargie in die hemel aan.*

Die eiesoortige **perspektief van die Sunni's is die volgende:**

***Verdienstelike vlakke:*** Sunnitiese teologie beklemtoon dat die vlakke van die hemel gebaseer is op 'n mens se dade en God se genade. Hoe regverdiger die lewe, hoe hoër die vlak.
***Profetiese Hadithe:*** Baie Soennitiese geleerdes verwys na Hadithe waar die Profeet Mohammed verskillende vlakke van die paradys en die belonings daarin beskryf.
***Geen vasgestelde getal:*** Terwyl sewe simbolies is, noem sommige tradisies tot 'n honderd vlakke, veral in verband met diegene wat God se saak nastreef.

Die eiesoortige **perspektief van die Sjiiete, is die volgende:**

***Geestelike gesag is bepalend:*** Sjiitiese teologie lê sterk klem op die rol van die Imams en geestelike insig. Om die leiding van die regmatige Imams te volg, word gesien as noodsaaklik vir 'n hoër geestelike rang.
***Goddelike geregtigheid en voorbidding:*** Sjiete glo in goddelike geregtigheid, maar ook in die voorbidding van die Profeet en die Imams, wat 'n mens se posisie in die hiernamaals kan verhoog.
***Hiërargie van siele:*** Sjiitiese mistiek ondersoek soms 'n dieper metafisiese hiërargie, waar siele opklim wat die vlakke betref, gebaseer op geestelike suiwerheid en die besit van goddelike kennis.

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

Liewe vriende van DEGNOS

Hier aan die tuisfront is dit 'n rustiger tyd ná 'n baie besige eerste helfte van die jaar.

Hier is 'n paar belangrike nuusbrokkies:

## Visser Njamba aangestel as koster op Mangetti Duin

Antonio (Kapita) Mahongo het vir baie jare gesorg vir alles buite die huis op Mangetti Duin. Hy het al 'n tyd gelede afgetree, maar ons het gesukkel om iemand in sy plek te kry.

Die Kerkraad van NG Kerk Luhebu-Noord het tydens hul Februarie-vergadering besluit om broer Visser Njamba aan te stel as koster vir dié wyksgemeente.

'n Huis is vir Visser en sy vrou gebou, en met hulp van drywer Jesaja is hulle vanaf Kanovlei na Mangetti Duin verskuif. Visser was baie betrokke by jeugbediening en kategese in Kanovlei. Sy teenwoordigheid in Mangetti Duin is 'n groot seën – maar dit laat ook 'n groot gaping in Kanovlei agter.

*Bid asseblief saam met ons dat die Here Visser se werk op Mangetti Duin sal seën en iemand uit Kanovlei sal roep om voort te gaan met die bediening daar.*

## Bediening en opleiding in Tsumkwe gaan voort

Die Tsumkwe-gemeente bestaan uit 45 habitatte, versprei oor 10 000 km² in die Nya Nya- en N#a-Jaqna-bewaringsgebiede – dit funksioneer eintlik soos 45 aparte gemeentes!




*Heuwelsig-gemeente se uitreik-video. Boesmans in Noord-Oos Namibie - 4 min voorskou om hulle en predikers te ondersteun travel2cmore*

Sedert 2022 is ons besig met prosesse om die bediening daar te versterk. Sedert 2024 word 70 geestelike leiers opgelei met die hulp van ds Johannes Aucamp en ds Lucas van Vuuren.

Ds Leviet Kxao is deur die gemeente aangewys as mentor vir die leiers. 'n Sinkhuis is vir hom op Tsumkwe gebou, en hy en sy gesin het van #Goaguru na Tsumkwe verhuis.

*Bid asseblief vir ds Leviet in sy rol as mentor, en vir die 70 leiers in opleiding wat die lig van Christus dra na elke habitat.*

## Vervoer vir die bediening: Aspirant-drywer aangestel

Om ds Leviet se werk moontlik te maak, is 'n bakkie aangekoop met die hulp van een van ons donateurs.

**Lees** meer »


PROGRAM
REGISTREER HIER
Sendingkonferensie
20 September 2025
Die eindes van die wêreld op my voorstoep.
Geopende Deure
NG Kerk Vrystaat
Pellissier Gemeente

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## Gesoek! Nog sendelinge vir Japan

Sedert ons vorige nuusflits het baie water in die see geloop, saam met die sweet wat teen ons rûe bly afloop in die hitte wat nie wyk nie. Die hartroerende begrafnis van 'n geliefde kollega se vrou, die uitbundige huwelikseremonie van 'n oud-student, my en Carina se 20-jarige huweliksherdenking en die verjaardae van twee van ons kinders was enkele van die hoogte- en dieptepunte. En dan: die onvergelykbare groot vreugde van iemand wat uit 'n totaal Boeddhistiese agtergrond haar lewe aan Christus oorgegee het, en deur ds. Tobie de Wet in RCJ Niihama gedoop is. Alle eer aan die Here wat deur Sy Gees op verrassende maniere bly werk!

Daar was ook 'n rits kampe en spesiale (somerpret) samekomste vir kinders in ons buurt, wat feitlik geen idee het wat die Bybel is, of wie Jesus of die kerk is nie. Dit alles het ons dae gevul met sinvolle interaksies en geleenthede om verhoudinge te verdiep.




Kyk intussen gerus na die **video** wat Japan opnuut bekendstel en 'n appél maak op dieper betrokkenheid, met die oog op nuwe medewerkers.

Ons is baie dankbaar vir DJ Muller (Kaapkerk) se redigering van die video.

**Lees** meer »



***Foto:** Verskaf*

mission ミッション missie
JAPAN

# Position: Full time Missionaries to Japan

## Advertisement

Mission Japan (a joint Committee of the DRC Family and the Reformed Churches in SA) in collaboration with the Christian Reformed Church of Japan are hereby announcing that an official process is launched for the recruitment and calling (by Mission Japan) of a missionary couple(s) to work with the RCJ Shikoku Presbytery in Japan.
We hereby invite couples, not older than 35 years of age, to apply for this position. The applicants should have a vision, strong calling and commitment to world missions in general and specifically to Japan (where less than 1% of the population identify as Christian including Protestant and Catholic groups).

The suitable candidates will:

1. Be members of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
2. Be in possession of a bachelor's degree in theology (B.Th. or B.Div. or M.Th. or M.Div.) or in their final years of studies;
3. Have a clear understanding of, and commitment to, Reformed Theology and the Reformed Presbyterian system of church governance;
4. Be Legitimized / Licensed ("gelegitimeer") within one of the DRC Family of churches or the Reformed Churches of SA;
5. Have proficiency in English (any TEFL qualifications or training will count in your favour).

The recruitment committee will review candidates that have:

1. A clear understanding, personal experience of and commitment to Jesus Christ as Lord and Saviour;
2. A Biblical and deep inner experience of being called by God into full-time cross-cultural missions in general (and specifically Japan);
3. Experience in, understanding of and a commitment to cross-cultural ministry and living in cross-cultural settings;

Our process:
We request that interested parties consider this opportunity prayerfully and, upon confirmation of the Lord, send an email to **applymissionjapan@gmail.com** showing their interest. A more detailed description of requirements and an application form will then be sent to interested parties. Applications will be received together with the requested documents and be reviewed by the recruitment committee. This committee consists of a South African team and a Japanese team.
*For more information regarding Mission Japan, click on the following link to our website: https://missionjapan.co.za*

Important:

1. All correspondence has to be in English. This includes the required documents such as copies of academic records etc.;
2. This is not a paid missionary position. Candidates will be required to raise support which is then managed by Mission Japan;
3. Ordained ministers become ordained missionaries / ministers in the Reformed Church of Japan;
4. This position requires that candidates learn to become fully proficient in Japanese. This is NOT an English ministry position.

**ALGEMEEN**

Leraar van NG Gemeentes Lindley en Arlington
*Ds Melissa Jacobs*

# "Wie sou kon raai dat speel nie net vir kinders is nie?"

Ek het die voorreg gehad om die Spelterapie-kursus, aangebied deur Excelsus en dr Siegfried Louw, in Randburg by te woon gedurende die week van 28 Julie tot 1 Augustus 2025.

Tot my groot verbasing was hierdie kursus 'n heerlike praktiese ervaring, waar ons nie net iets van die spelterapie-tegnieke kon sien en beleef nie, maar dit ook op mekaar kon oefen. Die terapie, beter bekend as Gestaltterapie, maak gebruik van verskeie tegnieke wat fokus op die persoon, die hier en die nou.

Aanvanklik, met groot opgewondenheid, het ek ingeskryf vir beide die Inleidende sowel as die Gevorderde kursus, want ek het gedink: "Ek gaan leer hoe om kinders te help." Wie sou kon raai dat speel toe nou nie net vir kinders is nie, maar dat volwassenes – selfs predikante – net so lekker speel en soveel daarby baat vind?

Ons het verskeie tegnieke prakties gesien en geleer, soos onder andere die Roosboom-tegniek, Leë Stoel-tegniek, Monster-tegniek, Sandbak-tegniek en nog vele meer. Verder het die Gevorderde kursus voortgebou op die Inleidende tegnieke, maar spesifiek gefokus op die gebruik daarvan in trauma-ontlonting, verhoudingsberading en familie-trauma.

'n Leersame week, as jy my sou vra – alhoewel ek die enigste Vrystater was! Die kursus is werklik een wat 'n mens in jou gereedskapskis kan plaas en gebruik – nie net met kinders nie, maar met lidmate regdeur die bank in pastorale versorging. En die beste van alles: dit krap nie diep nie; dit fokus op die hier en nou – en dan gebeur daar iets. Amper soos 'n heilige oomblik.

Ons het as groep die week saam gegroei, saam mekaar se seer beleef en saam vir mekaar seën toegebid. Wie weet, dalk is daar in die nabye toekoms weer só 'n geleentheid – nie te vêr nie, maar dalk sommer net onder ons neuse.

**Lees** hier »

**Foto:** *Canva*





## 2-4 September eMseni Christelike Sentrum, Benoni

# Slypskool vir Skrywers 2025

Kom skryf en leer saam met ander kreatiewes oor vanjaar se tema: **Die rol van diensleraars in die NG Kerk**

**R3 600** per persoon (verblyf en etes ingesluit)

**30 VBO-punte** vir bywoning

**Aanbieders en gassprekers**

**Taakspan Navorsing:** Prof Cobus van Wyngaard, dr Suzanne van der Merwe, dr Pieter van der Walt en ander.

Le Roux Schoeman (redakteur: **Kerkbode**), Khuthalani Khumalo (media-kennner).

Aansoeke: Stuur 'n e-pos met 'n kort motivering van hoekom jy wil bywoon na Riata Nel via riata@kaapkerk.co.za

# ’n Huldeblyk aan die vrouestem in die NG Kerk en samelewing – van die Vrouemonument tot die kansel

ALGEMEEN
*Mariëtte Odendaal*

# Vrouedag

*Nasionale Vrouedag gee aan ons die geleentheid om met dankbaarheid terug te kyk en met verantwoordelikheid vorentoe te beweeg.*



**Foto:** *Canva*

**Lees meer** »

Die meeste van ons kan getuig van sterk, gelowige vroue in ons gesinne en uitgebreide families; die vroue by wie ons nie net aan moedersknie ons besondere taal leer praat het nie, maar by wie ons ook geleer het van Christus – hoe om Hom te volg en hoe om regtig die lig en sout in dié deurmekaar wêreld te wees.

Op 9 Augustus vier Suid-Afrika Nasionale Vrouedag – ’n dag van herinnering, viering en nadenke oor die vroue van betekenis in ons lewens. Dit bied aan ons die geleentheid om die onmeetbare bydrae van vroue tot ons geskiedenis, geloofsgemeenskappe en publieke lewe te onthou en te eer – vanaf die dapper vroue waarvan ons lees by die Vrouemonument in Bloemfontein tot waar vroue vandag as predikante ons gemeentes vanaf die kansel bedien en hul gemeenskappe lei.

## Die Vrouemonument: ’n Simbool van lyding én krag

Die Vrouemonument, opgerig in 1913 in Bloemfontein, het oorspronklik gefokus op vroue wat gely het tydens die Anglo-Boereoorlog – veral diegene wat in konsentrasiekampe omgekom het.

Tog het dit oor die jare gegroei tot ’n breër simbool van vroulike deursettingsvermoë en opoffering. Hierdie monument herinner ons nie net aan historiese lyding en trauma nie, maar ook aan die krag en geloof waarmee vroue dit getrotseer het – dikwels as draers van geloof en bewakers van waardes binne gesinne en gemeenskappe.

## Die rol van vroue in die NG Kerk: Van agter die skerms na die kansel

Vir dekades was vroue die onsigbare ruggraat van die NG Kerk: katkisasieleiers, koororganiseerders, Vrouesendingbondleiers en sendelinge. Hulle het gemeentes deur hul gebede, gasvryheid en dienswerk gedra. Tog was hul stem dikwels afwesig in gesagsposisies.

# DIE TOEKOMS VAN VERLEDE

*Watter invloed het die ontwikkeling van tegnologie op die bewaringsmetodes van Argiewe en hoe moet ons by hierdie tendense aanpas om steeds relevant te bly?*

ATA
KONFERENSIE

**09** | **September** 2025 | **09:30** vir **10:00**

**R350** p/p

**Sluit verversings, middagete en 'n begeleide toer deur die museum in**

**Oorlogsmuseum** | Monumentweg 25, Generaal De Wet, Bloemfontein

**Navrae**

**Tertius** Botha | **tbotha@ngkvs.co.za** | **051 406 6700**

NG Kerk Vrystaat

**ALGEMEEN**
Spanleier by Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
*Dr Elrika Senekal-van der Berg*

# Ode aan my ma's

Die boek van Spreuke leer ons om te luister na die woorde van ons moeders.

My ma is een van my eerste herinneringe. Ma's is wonderlike goed: sondige mense net soos elkeen van ons, vol uitdagings wat hulle bied natuurlik, maar versterk deur die hand van God self, is hulle nogal bereid om hulself te brand op die altaar van die gesin ter wille van die beswil van die groter doel. Ek weet want ek is vandag self 'n Ma met my eie gebreke en sondes. Maar terug by my ma. Een van my eerste herinneringe is van my wat nie wil pap eet nie. Nou moet ek omgekoop word op allerhande maniere. (Ja, Ma's is meesters in afpersing, omkoop, en onderhandeling op emosioneel manipulatiewe maniere, net ingeval jy nie weet nie ...!). Goed, die jonge Elrika besluit sy wil blou pap hê. En my ma kleur my pap potblou met versierselkleursel. Natuurlik, soos 'n kind is, wil ek die blou pap net so min eet soos die wit pap ... inderdaad, een van my vroegste herinneringe. Ek is nog nie eens vyf nie.

Daar volg ander herinneringe verweef met twee lewens: hare en myne. My eie perspektief staan uit as ek terugkyk, maar met die jare saam kom die insig van die prentjie van haar kant af. My ma het vir ons gesin ekstra geld verdien deur ure en ure voor die breimasjien te sit en daardie toestel heen en weer te stoot terwyl rye gebreide wol onder uitkom. Vandag is haar nekwerwels opgepak, en sy moes al meer as een nekfusie kry. Hoe sê mens dankie? Hoe betaal jy terug?

Ek is 'n skoolkind en ek is soms hanglip omdat ons nie die nuutste winkelgekoopte klere kan kry nie en self moet maak.

Ek trou en sy sit ure lank met haar hande my trourok se kraletjies en afbreek en weer terugwerk op die regte plekke. Ek lyk soos Audrey Hepburn en besef niemand sou dit ooit kon doen soos sy nie. Ek verjaar en sy bak my wortelkoek spesiaal net soos ek soek. Haar hare word dunner. Haar lyfie word korter. Sy verloor gewig. Kry die knie-operasie. Vandag klim sy in die passasierstoel in die kar sonder stryery – ék moet bestuur en besluit waarheen ons gaan.

My skoonma is net so formidabel. Daardie artritishande staan vandag nog reg om te dien al is die vingers soms stokstyf. Sy stuur soggens en saans boodskappies wat niemand lees nie want almal hol net aan met die dag ... Ek hoor haar hardop prewel wanneer sy bid en vir ons elkeen smeek voor die Troon. Hoe betaal ek die gewig in haar siel terug? Die las wat sy vir elkeen van ons dra?

Weet jy dat ons op die skouers van reuse grootgeword het? Is jou ma ook so? My ma was ontsettend arm, en een van vyf dogters van 'n sukkelboer – eintlik maar 'n bywoner.

**Lees** meer »



Mariëtte Odendaal

# Welkom in ons midde, Juan

*"Professioneel gesproke wil ek voortdurend leer en verbeter. Ek hoop om in die toekoms 'n invloedryke, kreatiewe rol in die Kommunikasie- en Bemarkingspan te speel."*

***Juan du Toit***



**Vanaf 4 Augustus is daar 'n nuwe gesig in die wandelgange van ons Sinodale Kantoor, naamlik die talentvolle Juan du Toit. Hy is in die plek van Carlie Niehaus by die Departement Kommunikasie en Bemarking** as grafiese ontwerper en webontwikkelaar **aangestel en is baie opgewonde oor wat dié geleentheid hom bied.**

Die pos behels dat hy die NG Kerk Vrystaat se webwerf op datum en funksioneel moet hou, promosie- en bemarkingsmateriaal ontwerp, groen skerm (green screen)-video's verwerk en seker maak dat alle visuele inhoud professioneel en netjies vertoon.

Ons het met hom oor sy nuwe werk gaan gesels.

### Juan, vertel meer van jouself.

"Ek is op 19 Junie 1992 gebore en het my hele lewe lank in Bloemfontein gewoon.

Ek was op laerskool by die Primêre Skool Willem Postma, en het daarna my sekondêre opleiding aan die Hoërskool Sentraal begin waar ek Graad 12 voltooi het.

"Ek was nog altyd 'n kreatiewe mens en het van kleins af 'n groot liefde vir musiek en kuns gehad. Ná skool het ek eers klankingenieurswese gaan studeer en later grafiese ontwerp, aangesien ek graag my kreatiwiteit wou aanwend in 'n praktiese beroep waarin ek ander mense ook visueel kon inspireer."

### Vertel meer van jou beroepsloopbaan voordat jy by Vrypos ingeval het.

"Vanaf Januarie 2021 tot Desember 2022 het ek as 'n grafiese ontwerp-fasiliteerder by **iStudent Academy** gewerk. Nadat die eienaars van die Bloemfontein-tak na Isle of Man geëmigreer het, is die instansie se deure aan die einde van 2022 gesluit.

Lees meer »

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Marquard
*Ds Johannes Rossouw*

# SENTRALE RING

## Kenmekaar leraars-*retreat*




*Ringe in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

### Sentrale Ring te Clarens 24–26 Maart 2025

Ons *retreat* het afgeskop met heerlike tee/koffie en beskuit. Daarna het ons mekaar beter leer ken. Elkeen het kans gekry om hom-/haarself voor te stel aan die groep. Daarna was die interessantste om te hoor hoe en waar elkeen sy roeping ontvang het.

Dis wonderlik om te weet dat God elkeen op 'n unieke wyse roep. Ons hemelse Vader loop 'n unieke pad met elkeen van sy kinders en elkeen se roeping na die bediening is uniek.

Aangesien ons min was, het ons die gades saamgenooi, maar almal kon nie saamkom nie. Dit was ook lekker en het die *retreat* net meer dinamies gemaak. Andries van Steynsrus se gade Elaine was saam met hom. Sy het gesorg vir heerlike sang en aanbidding saam met die sessies wat Jurgens de Jager gelei het. Jurgens se vrou Isabel was ook saam. Hy kom van Witrivier en hy was 29 jaar in die bediening. Hy was ons fasiliteerder. Henk, Ronel Coertzen se man, was ook saam. Hy het gesorg dat alles vlot verloop met die tegnologie van die rekenaar en data-projektor (en hy is 'n bobaas braaier!). Dit was 'n voorreg om hulle ook te leer ken en om te sien hoe hulle as leraarspare mekaar aanvul en die Here dien. Adrie se man Evert en my vrou Martie kon nie die *retreat* by-woon nie.

### Die Godstale en geestelike versorging

Jurgens het ons begelei en die toerusting het op twee bene gestaan. Eerstens het ons by hom geleer van die nege (9) Godstale (Spitityaliteitstipes) deur Myra Perine. Dit gaan oor verskillende lidmate wat op verskillende maniere met God kommunikeer en hul godsdiens verskillend uitleef. Die vraelys wat jy invul is maklik, die kursus is nie hoogdrawend en ingewikkeld nie, baie insiggewend en leer-saam.

**Lees** meer »

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Hoop vir almal!



*Inspiring excellence. Transforming lives.*

***Prof John Klaasen***
*Dekaan: Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State Universiteit van die Vrystaat Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion

"Hoop en Groei" is deel van die visie van die UV se Fakulteit Teologie en Religie. Hierdie visie word onder andere verwesenlik deur gesamentlike inisiatiewe met die Vrije Universiteit (VU), Amsterdam. Hierdie inisiatiewe val binne die samewerkingsooreenkoms tussen die VU en die UV. Die eerste inisiatief is 'n pelgrimstog van hoop van Amsterdam na Rome tussen 30 Mei en 6 Junie 2025. Die tweede inisiatief is twee lesings op die twee kampusse. Hieruit sal onder meer potgooie, video's en ander publikasies vloei.

In tye van groeiende onsekerheid soek mense al meer na hoop wat nie teleurstel nie. Hierdie behoefte is ook duidelik uit die feit dat Pous Francis die 2025 Jubeljaar se tema "Pelgrims van Hoop" gemaak het.

Die Rooms-Katolieke gemeenskap het reeds eeue lank die gebruik om elke 25 jaar as Jubeljaar uit te roep. 'n Jubeljaar is 'n tyd vir nadenke en oorbegin. Selfs met die afsterwe van Pous Francis gaan die Jubeljaar steeds voort. Tydens die internasionale simposium oor hoop snoer die VU Amsterdam kragte saam met die UV Fakulteit Teologie en Religie, die Vatikaan, verskeie internasionale akademici en vennote in die gemeenskap. Die simposium "Herontdek en bou hoop vir almal" het plaasgevind van 2–4 Junie in Rome. Jeroen Geurts (rektor van die VU), aartsbiskop Salvatore Fisichella (verantwoordelik vir die Jubeljaar-reëlings) en die Nederlandse ambassadeur by die Vatikaan, Annemieke Ruigrok, het die opening waargeneem.

Die openingslesing is gelewer deur aartsbiskop Thabo Makgoba, opvolger van aartsbiskop Desmond Tutu.

Die deelnemers aan die simposium het via 'n "hooptrein" van Utrecht na Rome gereis. Dit was 'n pelgrimsgeleentheid met tyd vir stilte en kontemplasie. Tydens die simposium is 'n "kers van hoop" aangesteek en van die een deelnemer na die volgende aangegee. Tydens sy besoek aan die UV se Fakulteit Teologie en Religie het Jeroen Geurts die kers aan die Fakulteit oorhandig om aan te steek. Dr Eugene Fortein (Dept Historiese en Konstruktiewe Teologie) het tydens 'n Coram Deo-geleentheid die kers by prof Geurts oorgeneem.

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat
SCHINK
JONK
CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA




## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# LEWEDRAENDE KANALE

## Gemeentestrukturering

Prof **Malan Nel**

*Lewedraende Kanale – Gemeentestrukturering* is die derde deel in prof Malan Nel se invloedryke reeks oor Gemeentebou. Met diep teologiese insig en jare se praktiese ervaring in gemeentelike bediening, ondersoek hierdie akademiese teks hoe kerklike strukture lewe-gewende kanale kan word wat die missie en identiteit van die gemeente dien.

Nel, emeritus-professor in Praktiese Teologie en Sendingstudies aan die Universiteit van Pretoria, beklemtoon dat strukture nooit 'n doel op sigself is nie, maar dienende middele wat bruikbaar moet bly vir die kernroeping van die kerk. Hy stel 'n teologies deurdagte argument: strukture behoort die kerk te help om Jesus Christus getrou te dien, bediening te fasiliteer, gemeenskap te bevorder, medelye te leef, aanbidding en die gawes van die Gees te ondersteun, kontekstueel relevant te wees, en dissipelskap moontlik te maak.

Met helderheid en oortuiging roep *Lewedraende Kanale* gemeentes op tot **struktuurvernuwing** as 'n dinamiese proses, gewortel in die wese van die kerk en gelei deur teologiese perspektiewe sowel as die praktiese eise van bediening. Hierdie werk bied waardevolle riglyne vir gemeentes wat werklik lewenskanale van Christus se genade en liefde in die wêreld wil wees.




CLF PUBLISHERS UITGEWERS

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## AUGUSTUS

10 Dr Jan Venter
GARDENIAPARK

10 Ds Francois van Tonder
PARYS-OOS

12 Dr Nico Dicks
VENTERSBURG

14 Ds Hannes du Plessis
UNIVERSITAS-WES

21 Ds Andries Grobler
STEYNSRUS



# Internasionale Jeugdag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## NEEM AKSIE TOT VOLHOUBARE ONTWIKKELINGSDOELWITTE

*Hoe sterk is die stem wat ons aan die jeug in ons gemeentes gee?*
*Hoeveel moeite doen ons om toe te sien dat hulle aktief betrokke raak by natuurbewaringsaksies en 'n sensitiwiteit vir ekologie ontwikkel?*

Ons jongmense is die gelowiges wat in die toekoms 'n bepalende rol gaan speel ten opsigte van ons omgewingsbewaring. Dit is hulle wat op ons skouers moet staan en voortbou op dit wat ons aan hulle gaan nalaat.

Internasionale Jeugdag word jaarliks wêreldwyd op 12 Augustus gevier. Die dag is in 1999 deur die Verenigde Nasies (VN) ingestel nadat die Wêreldkonferensie oor Jeug in Lissabon (1998) voorgestel het dat so 'n dag noodsaaklik is om meer te fokus op jongmense se uitdagings en bydraes. Die eerste Internasionale Jeugdag is in 2000 gevier.


Elke jaar het sy eie tema. Die tema vir 2025 is **"Local Youth Actions for sustainable development goals (SDGs) and beyond".**

**Lees** meer »


GRATIS
MET ELKE AANLYN-AANKOPE
God se wysheid vir jou
Ewald Van Rensburg
shop.clf.co.za
SLEGS GELDIG GEDURENDE AUGUSTUS VIR
VROUEMAAND
T&V's geld


NUWE SOSIALE KWESSIE PAMFLETTE EN PAMFLET VIR JONGMENSE
Beskikbaar in harde kopie of elektronies
Ook in Engels beskikbaar
E-pos: order@clf.co.za
https://clf.co.za/equip-communities/
CLF
VERSTAAN SEKSUELE AANRANDING
Jou Regte Jou Veiligheid Die Volgende Stappe
STOP SEKSUELE TEISTERING
Tieners, Seks en Skaamte
seuns
meisies


NUWE PAMFLETREEKS OOR GEESTESGESONDHEID
Beskikbaar in harde kopie of elektronies.
Ook in Engels beskikbaar.
E-pos: order@clf.co.za
https://clf.co.za/equip-communities/
CLF
Geloof & Geestesgesondheid
Ek's Oorweldig!
Gesonde Grense
Toksiese Verhoudings
Pasop vir Sitkamer-Sielkundes
BALANS bo UITBRANDING
Verstaan en Destigmatiseer Depressie


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
order@clf.co.za ● 021 873 6964


CLF RESOURCE HUB
WWW.CLF.CO.ZA
• OPEN SOURCE - Free Academic, Theology and Missional Publications
> https://clf.co.za/open-resource-library/
• E-PAMPHLETS - Free electronic Pamphlets - more than 400 within various themes
> https://clf.co.za/equip-communities/
• TOOLKIT FOR MINISTRY & MORE - Free material e.g. Pentecost series, Week of prayer
> https://clf.co.za/resource-toolkit/
CLF ONLINE SHOP
SHOP.CLF.CO.ZA
NEW FEATURES:
• SEARCH - easy, user-friendly & great!
• TABS - easy access to Main categories, CLF's Resource Hub & Bookshops' info


AANDAG BESIGHEDE
OMGIE SIVVIE DAG
VRYDAG, 31 OKTOBER 2025
Wees deel van Engo se spesiale Omgie Sivvie dag op Vrydag, 31 Oktober. Maak 'n donasie van ten minste R1 500 en ontvang 'n Omgie plakker vir elke personeellid om deel te neem.
(Artikel 18 A sertifikaat word uitgereik)
Tema is Kleur jou drome – Kleuvol en prettig!
Deel jou pret op sosiale media en tag Engo Free State
Kontak ons vandag, vir meer inligting!
info@engo.co.za
Courant
OFM
HELP ONS OM DIE DROME VAN MENSE IN TE KLEUR!


rojek van Hoo
Koop jou kaartjie vandag
novus media
EVOLVE AUDIT & ADVISORY
KWID
'n kans om te wen RENAULT KWID CLIM
TER WAARDE VAN R222 000


Lente Genadefees
Ten bate van
CHOC
Engo
Datum: Vrydag, 12 September
Tyd: 19:00
Plek: Geloofsentrum, Universitas
Koste: R100
KUNSTENAARS:
Riaan Naude · Ella Kotze · Levert Solomons
Du Preez & Jana Stoltz · Jaco Bezuidenhout · Ilse Fourie
Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
Met gaskunstenaar: Jannie Moolman
Kaartjies beskikbaar op Quicket
ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG


Ons is trots om aan te kondig dat die
2026 ART DE OLIVIA EN ENGO DAGBOEKE
amptelik geloods word op Vrouedag
A5 teen R299
A5 teen R2
4 teen R399
A4 teen R399
BESTEL VA
BY WWW.ENG


BIBLE MONTH Sale
1 TO 29 AUGUST 2025
SOFTCOVER BIBL
Available in:
• ENGLISH
• AFRIKAANS
• SEPEDI
• SESOTHO
• SETSWANA
• ISIZULU
• ISIXHOSA
R114*
Online Only Price
SAVE 30%
www.bibleshop.co.
www.biblesociety.co.za
bible society of south africa


5 JAAR
BYBEL-MAAND Uitverkoping
1 TOT 29 AUGUSTUS 2025
SPAAR T
55%
www.bibleshop.co.za


Afrikaans
30%
DIE BYBEL
2020-VERTALING
R419*
AANLYN EKSKLUSIEWE AANBOD
Volledige Bybel, medium-grootte, luukse bruin verwe leeromslag, goud-op-snee, duimindeks en kaarte.
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

NG Kerk
Vrystaat

**Ring van Bethlehem** van die NG Kerk bied aan

# (Met) Job in gesprek (met) . . .

10 VBO-PUNTE

## Dr At Lamprecht

Senior lektor: Skool vir Antieke Taal- en Teksstudies, Fakulteit Teologie, NWU

### EENDAGSEMINAAR

'n Akademiese verryking vir predikante en ander ernstige Bybellesers oor 'n Bybelteks wat bedek lê onder strata betekenis en wag om ontgin te word!

Woensdag
**10 September 2025**
**09:00 - 16:30**

**NG Kerk**
**Bethlehem-Panorama**
Goldberglaan 20, Bethlehem

**10 VBO-punte**

**Koste: R 250 p/p**
Sluit tee, verversings en middagete in

### Bankbesonderhede

**Ring van Bethlehem**
**ABSA Tjekrekening**
**0770 480 183**
Verwysing
**Naam & van + Job**

**RSVP & SKRYF IN** Donderdag **4 September 2025**
Ds Gideon Lamprecht @ **082 417 0507**

## MOTIVERING

Van die 'stiefkind' van die Bybel — die boek Job — het Totius eenmaal verleë opgemerk: *'Job weier om Afrikaans te praat!'* Hierdie opmerking som die verleentheid van 'n leser van Job op: om 'n behoorlike greep op die betekenis van woorde, konsepte, idiome, metafore, verse, soms selfs volledige hoofstukke te kry. Ongelukkig is toepaslike semiotiese prosesse wat die Jobteks verstaanbaar kon maak oor tyd verwaarloos, en dit het veroorsaak dat betekenisse in kultuurkonteks nie deur wetenskaplik begronde herinterpretasies, nuwe- of hervertalings geskep en herskep is nie. Die gevolg was dat die boek Job stadigaan in sy eie engheid verstik en weggesterf het. Die oorblyfsel is 'n uitgeteerde Job-boodskap waarin die boodskap soos water uit 'n nat lap gedroog en voorgehou word as die volledige Job-'evangelie'. In prediking, Bybelstudie en -lees het hierdie selektiewe fokus op Job se 'geïdealiseerde geloof' en 'geduld' gevolg — dikwels 'n voorbeeld van 'n onkundige, en soms oneerlike en lui omgang met die Bybelteks.

Die **(Met) Job in gesprek (met)**-eendagseminaar gaan van die aanname uit dat die Jobliteratuur in die Hebreeuse Bybel 'n sterk verwantskap met Babiloniese literêre genres, -semantiek, en -materiële kultuur vertoon en moeilik sonder hierdie agtergrondkennis passend oorgedra en vertaal kan word.

## SESSIE 1

In **sessie 1** van die dagseminaar gaan die agtergrond, samestelling, outeurskap, datering en vergelykende tekste van die Job teks bespreek word.

## SESSIE 2

Tydens **sessie 2** sal in meer besonderhede ingegaan word op die onderliggende kultuureie konsepte in Job 1 – 2 wat in 'n letterlike taalbenadering dikwels misgekyk word. Konsepte soos die orde-chaos-, takkraal-, moraliteit-, en doodkonsep, asook die vierdelige siel-samestelling, omen strukture, metafore, getallesimboliek, Namburbi-rituele voorskrifte, die vroulike LamaStu teisterings, Yahweh en die satan se rolle in die panteon, gaan bespreek word.

## SESSIE 3

**Sessie 3** delf dieper in die konsep van 'n Gibor (beloftemens) teenoor 'n gewone mens, hemerologiese kalendertekste, 'n (omgekeerde) ou Nabye Oosterse wêreldbeeld, kleur en klank as pilare van die skepping, kosmogonie teenoor theogonie, en die metaforiese uitdrukkings van 'n verdere teistering, naamlik depressie.

## SESSIE 4

**Sessie 4** word gelei deur 'n kliniese sielkundige/mediese dokter/psigiater wat agtergrond gaan verskaf oor kliniese depressie.

## SESSIE 5

**Sessie 5** gaan in groepwerk verdeel waarin gestruktureerde gedagtes uitgeruil word om te teks van Job 1-3 prakties te laat geld.

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 08:00 | **Aankoms en registrasie** |
| 09:00 | **Sessie 1:** Job in konteks |
| 10:00 | **Tee** |
| 10:30 | **Sessie 2:** Job 1–2 in kultuur-historiese konteks |
| 11:30 | **Tee** |
| 12:00 | **Sessie 3:** Job 3 en die metafore van depressie |
| 13:00 | **Middagete** |
| 14:00 | **Sessie 4:** Kliniese depressie |
| 15:00 | **Tee** |
| 15:30 | **Sessie 5:** Praktiese 'preekmaak' oor Job en depressie |
| 16:30 | **Refleksie en vertrek** |

# VBO Aktiwiteite

## VBO-AKTIWITEITE SLUIT IN:

- Kursusse en werkswinkels
- Konferensies en seminare
- Boek-besprekings
- Leer gemeenskappe
- Mentorskap
- Retreats
- Aanlyn leer

## VBO PUNTE

Predikante verdien VBO-punte vir deelname aan goedgekeurde aktiwiteite. Hierdie punte word aangeteken en is 'n vereiste vir die behoud van amps-bevoegdheid.

Die VBO-Taakspan het 'n breedvoerige dokument ontwikkel wat verduidelik hoe gelegitimeerdes punte kan verwerf.

## TOEKOMS VAN VBO

Die VBO Taakspan is besig om 'n gestandaardiseerde, geakkrediteerde VBO-program te ontwikkel wat aan die hand van fases in die bediening aangebied gaan word.

*Oorgeneem uit VBO PROSPEKTUS: GESTUUR, GEVORM, GEROEP*

KAAPKERK

NG KERK IN SUID-AFRIKA

# GEROEP OM BRÛE TE BOU

## BRUGLERAARSKURSUS

Wanneer 'n gemeente in 'n oorgang is – ná 'n beroep, emeritaat of ander bedieningsverandering – is daar dikwels onsekerheid, 'n gevoel van verlies en soeke na rigting. Gemeentes het in hierdie tyd iemand nodig wat spesiaal toegerus is om hulle te help om sinvol vorentoe te beweeg.

Hierdie kursus is ontwerp vir leraars wat in só 'n seisoen wil staan – nie as plaasvervanger nie, maar as brugbouer. As 'n begeleier wat die gemeente help om hulle roeping in 'n nuwe tyd te onderskei.

Aangebied deur Gemeentebegeleiding

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## GETROUE JESUS-LEIERSKAP

20 - 21 Augustus

20 VBO-punte

R300 p/p
Aanlyn Webinaar
Dr Roedolf Botha

Lees meer +
**Registreer** +



## GODSDIENS AS VERWONDING IPV HELING

16 September

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## LENTE-KONFERENSIE 2025

16–18 September

30 VBO-punte

R1 600 p/p
Universiteitsoord,
Pretoria

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

9 Oktober

Theresa van Ávila

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



**Lesersbydrae**

Israel en Gasa: 'Die vraag is nie soseer wie reg en verkeerd is nie, maar wie ons deernis en medelye nodig het?'

*7 Augustus 2025*
*Kerkbode*
*Rubrieke*



**Kollig-podsending**

Toe sê hy vir my: 'Vertel vir iemand wat met jou gebeur het' – leraar van Pretoria oor sy pad met evangelisasie

*6 Augustus 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



'Die avontuur van die evangelie is dat dit geïntegreerd werk'

*6 Augustus 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*



'Ek ken beide kante van die stelsel' | Ontmoet Hanna de Kock – CMR Gauteng-Oos se ambassadeur en motiveringspreker

*1 Augustus 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Annabelle Lombard*



**Elders gesien**

Spirituele begeleiding : Drie opleiers gesels

*30 Julie 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*



Koninkrykstyd 2025: 'n Oproep om hard oor onreg, maar sag met mekaar te praat

*28 Julie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Piet Retief*


Google Play kerkbode.christians.co.za App Store

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## Vroue van die Bybel Dagstukke

**R199**




### (Sagteband)

Die eise van die lewe maak dit dikwels moeilik om die eggenoot, ma, dogter of vriendin te wees wat jy wil wees. Hoe bemoedigend om te weet jy is nie die enigste vrou wat so voel nie! *Vroue van die Bybel* fokus op 52 besondere vroue van die Bybel wat dieselfde uitdagings in hulle lewe en geloof ervaar het as wat die moderne vrou daagliks het. Elke week fokus op die lewe van een van hierdie 52 vroue, met: 'n Inspirerende blik op haar lewe (Maandag); Meer inligting oor haar leefwêreld (Dinsdag); 'n Kort Bybelstudie oor haar lewe en hoe jy dit in jou lewe kan toepas (Woensdag); Bybelse beloftes (Donderdag); 'n Gebed (Vrydag).

## Vroue van die Bybel Bybelstudie

**R189**





### (Sagteband)

Hoe belangrik is vroue vir God? *Vroue van die Bybel* antwoord hierdie vraag deur na belangrike vroue in die Ou en Nuwe Testament te kyk. Deur die lewens van twaalf vroue – Eva, Sara, Mirjam, Ragab, Debora, Rut, Hanna, Ester, die deugsame vrou, Marta en Maria, Maria die ma van Jesus, en die bruid van Christus – te bestudeer leer lesers belangrike lewenslesse rakende totale gehoorsaamheid aan God asook die mislukkings wat spruit uit ongehoorsaamheid. Die Bybelvroue leer lesers ook hoe om huishoudelike sake en kinderopvoeding te hanteer. In 12 weke met genoeg studies vir vyf dae van die week bespreek hierdie Bybelstudie nuwe temas om vroue se posisie voor die Here en sy plan te verstaan.

## God is ...

**R180**




Leer ken God op 'n nuwe manier. Ontdek opnuut God se onbeskryflike grootheid en heerlikheid. Groei nader aan God en laat jou hart warm word wanneer jy lees en nadink oor 30 baie besonderse eienskappe van God. Ons God is die ewige, almagtige, alomteenwoordige, onsienlike, onbegryplike, soewereine, genadige, heilige, liefdevolle, alwyse, alwetende, getroue en betroubare God. Ons God is die enigste en ware Redder, Verlosser, Oorwinnaar, Bevryder en Skepper, die Here van alle heersers en die Koning van alle konings. Mag hierdie boek jou bring by die belydenis: Aan God alleen behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

woes@mweb.co.za
023 342 6030

### VAKATURES

### AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**EMERITAAT** | **Ds André van Staden** van NG Gemeente Fichardtkruin het op 31 Julie 2025 geëmeriteer. Sy afskeidspreek was op 27 Julie. Hy bly by die gemeente op kontrak as emeritus-leraar tot 31 Januarie 2026.

**Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za**




HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# Die gees van die ouma

**ALGEMEEN**
Lid van die Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*



**Foto:** *Magdaleen du Toit (verskaf)*

> *“Die gees van die ouma is in werklikheid die beliggaamde Heilige Gees wat in ons almal leef en aan die werk is …"*

“Ek is dankbaar teenoor God, wat ek, soos my voorouers, met ’n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik, bedags en snags, in my gebede aan jou dink. As ek aan jou trane terugdink, verlang ek daarna om jou te sien, sodat ek met blydskap vervul kan word. Ek dink steeds aan jou opregte geloof, daardie geloof wat eers in jou ouma Loïs, en in jou moeder Eunice was – en ek is oortuig dat dit ook in jou is.”

So skryf Paulus aan sy geloofskind, Timoteus (2 Timoteus 3-5).

Augustus is Vrouemaand, en more, op Saterdag 9 Augustus, vier ons Suid-Afrika se Nasionale Vrouedag.

In baie kulture verteenwoordig die uitdrukking ‘die gees van die ouma’ simbolies die wysheid van die oudstes, wat veral beliggaam word in die omgee, onvoorwaardelike liefde en wyse leiding wat van die grootmoeder uitgaan en van geslag tot geslag aangegee word. Dit verteenwoordig ’n kragtige versorgende omgee-energie, ’n onwankelbare geloof, verdraagsaamheid, aan God oorgegee in die aanvaarding van dinge soos dit is. Dis ryk lewenservaring wat neerslag vind in ’n aardse wysheid wat werk met die essensie van dinge, soos weerspieël in Filippense 1:9-10: “Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.”

Hierdie metaforiese ouma-gees is nie net in die vroulike grootouer gesetel nie, maar in almal wat hierdie wysheidsfase betree: oumas en oupas, mammas en pappas … alle figure aan wie die sorg van die jonger geslag toevertrou word. Die ‘gees van die ouma’ is ’n lewenskwaliteit.

**Lees** hier »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE


**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit


# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**


**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321


© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING